## H O O F S T U K 3

# DIE STAND VAN KENNIS VAN DIE TOETREDE VAN ONDERWYSERS TOT DIE ONDERWYSBEROEP

## 3.1 INLEIDING

In die literatuuroorsig in die vorige hoofstuk is die aandag gevestig op die opvoeding en onderwys en die persone wat ten nouste hierby betrokke is, naamlik die kind, die ouers en die onderwysers. Daar is besondere aandag geskenk aan die rol van die man in die onderwys en opvoeding.

In hierdie hoofstuk sal aandag geskenk word aan die toetrede van die onderwysers tot die onderwysberoep, met die klem op die toetrede van die man.

## 3.2 DIE TOETREDE VAN DAMES TOT DIE ONDERWYSBEROEP EN DIE INVLOED DAARVAN OP KINDERS

Dit is ironies dat die samelewing tot ongeveer twee eeue gelede die vrou nog be= skou het as iemand wat nie hoef opgevoed te word nie. Tot op daardie stadium was alle leerlinge, studente en onderwysers mans. Sedertdien het vroue in die onderwys infiltreer as leerlinge - en die man het sy exodus uit onderwys begin (Whittemore, 1973, p. 317).

Vandag, twee eeue later, verskyn daar dwarsoor die wêreld herhaaldelik artikels in opvoedkundige tydskrifte wat verwys na die hoë persentasie dames in verge= lyking met mans in die skool. 'n Toenemende mate van diepgaande kommer, onder almal wat te doen het met opvoeding en onderwys, gaan hiermee gepaard (Lee, 1973, p. 79; du Toit, 1977, p. 1), en wel daaroor dat die skool hierdeur be= sig is om te vervroulik en "that female teachers are primarily responsible for the feminization of schools, that this sex imbalance has detrimental effects on young school children, particularly boys, and that corrective measures must be taken before further harm is done" (Lee, 1973, p. 82). "If we want to get a strong male image across to children the schools are going to have to provide strong male models in the form of teachers" (Whittemore, 1973, p. 317).

Navorsing toon dat seuns en dogters op ouderdom 5 tot 7 jaar, en selfs vroeër, reeds gedifferensieer is in hulle onderskeie geslagsrolle (Lee, 1973, p. 84). Hierdie verskynsel is baie belangriker as wat dit op die oog af lyk. Weens die gebrek aan 'n manbeeld by die huis - vanweë die vader se werksomstandighede, en in die skool - vanweë onvoldoende onderwysers, is dit vir die seun dikwels moeilik om 'n helder beeld van sy geslagsrol te visualiseer. Dit wat die kind in sy vroeë lewe deurmaak, het 'n deurslaggewende uitwerking op sy op-pad-wees na volwassenheid en "If a child has no male teachers, it is hard for him to imagine himself in that role" (Whittemore, 1973, p. 317).

Dit word vandag in breë kringe aanvaar dat die man nie in die grade onderrig kan gee nie, dit word net nie as 'n man se werk beskou nie. Daar gaan tans egter toenemende stemme op wat die man ook hier 'n rol wil toeken en wat die man selfs aanmoedig om hom hiervoor te bekwaam, want "It is highly essential that we focus the attention of young males on the training of young children - for the sake of their own roles as members of families and for the sake of society" (Whittemore, 1973, p. 318; kyk du toit, 1977, p. 5).

In Amerika, en elders, is die grootste struikelblok om mans vir primêre onder= wys te bekom - en meer nog om hulle daar te hou. Die salaris! (Whittemore, 1973, p. 318). Verder wil die man - alle mans wil hulle eie ego streel - en hiervoor glo hulle is geld en status nodig. Vir die jong onderwyser is daar egter nie veel status nie, want "The public doesn't afford much status to elementary educators - it still believes you needn't know much to teach little children" (Whittemore, 1973, p. 318). In dieselfde verband betoog Lee (1973, p. 83) "Elementary teaching is a highly respectable, but not a highly respected occupation, and this is reflected in the generally low wages with which society chooses to compensate teachers for their work". Dié nega= tiewe beeld wat met primêre onderwys geassosieer word, dra daartoe by dat geen ambisieuse man of selfs vrou na die beroep getrek word nie. Lee (1973, p. 83) betoog voorts "One begins to question why men would go into teaching at all. In 1970-1971, the average salary for male teachers with the bachelor's degree was 6 847 dollar while the average starting salary for male college graduates in other occupations was 9 361 dollar, a difference of 37%".

Die teenwoordigheid van so baie dames in die primêre klasse in Amerika het tra= disie geword, want daar word geglo dat dames jong kinders beter verstaan en kan beheer as mans. Die man word gereserveer vir die groter kinders waar hy beter dissipline kan handhaaf. Sedert die Victoriaanse dae is geglo dat

dames 'n beter morele karakter as mans het en beter invloed op jong kinders kan uitoefen (Lee, 1973, p. 82).

Ook in die Republiek van Suid-Afrika het ons met dieselfde verskynsel te doen. In die primêre skool is die man reeds lankal tot bevorderingsposte beperk, en wat die sekondêre skool betref, verloor die man ook nou sy eertydse onbetwiste vesting. Dit blyk verder dat minder as een vyfde van die studente wat hulle as sekondêre onderwysers wil bekwaam, mans is (van Loggerenberg, 1972, p. 9; Jooste, 1976, p. 5; kyk ook paragraaf 3.2 verderaan).

Die oorsaak vir hierdie probleem sê Lemmer (1975, p.8): "Sonder enige vrees vir teespraak kan ek vanaand vir u sê dat vir sover dit die man aangaan, dit 'n oorwegend finansiële is. Die jong man met 'n wêreld van moontlikhede voor hom, is nie bereid om met inagneming van die eise van die onderwys, sy dienste aan te bied vir die salaris en ander voordele wat die onderwys bied nie". Lemmer (1975, p. 8-9) betoog voorts dat die finansiële nie die enigste probleem is nie, 'n tweede ewe belangrike vlieg in die apteker se salf is, dat bevordering van onderwysers geplaas word in die hande van skoolkomitees en beheerrade wat soms, dalk heelwat meer as soms, ander oorwegings as opvoedkundige meriete, 'n rol by die aanbeveling laat speel. "Die tyd is verby dat leke publiek mag voorskrifte gee aan 'n beroep wat slegs deskundiges doeltreffend kan beoefen" (du Toit, 1970, p. 180).

Selfs die posisie van die getroude vrou in die onderwysberoep is verstewig toe die Administrateur van Transvaal in 1968 aangekondig het dat getroude vroue voortaan permanente poste kan beklee. In 1969 is 7 207 poste, wat nie perma= nent gevul was nie, in Transvaal geadverteer en vanaf Januarie 1970 kon vroue permanente poste beklee (Kotze, 1973, p. 10).

Ook prof. Claassen wys in sy intreerede as professor aan die P. U. vir C. H. O. daarop dat dit algemene kennis is dat die onderwys besig is om 'n beroep vir vroue te word (Claassen, 1976, p. 15). Op die oomblik, 1977, is slegs 45% van die personeel aan sekondêre skole in Transvaal nog mans. In die primêre skole is hierdie persentasie slegs 20,7% terwyl, in alle provinsiale skole in Transvaal, net 33,6% van die 21 219 onderwysers, manspersoneel is (du Toit, 1977, p. 2). Alles dui daarop - veral die statistiek van die afgelope dekades - dat hierdie tendens in die toekoms sal voort duur, tensy daar iets drasties aan die beeld van die onderwys gedoen word (Claassen, 1976, p. 15). Dat hierdie toestand nie oornag ontstaan het nie blyk uit 'n aanhaling van

Murfin (1971, p. 149). "Ons is bewus van die feit dat die onderwys verskuif het van 'n mans- na 'n damesprofessie" (kyk ook par. 3.3.2).

Die onderwyseres is dus nou meer as ooit tevore verantwoordelik vir die onderwys en opvoeding van ons kinders. Die skitterende werk van talle toegewyde onder=wyseresse, sonder wie se hulp daar absolute chaos in ons primêre en sekondêre skole sou wees ten spyt, skuil daar wesenlike gevare in die verdwyning van die onderwyser. Dit is veral die seun wat behoefte het aan 'n sterk manlike hand om hom te lei en veral aan 'n manlike figuur met wie hy hom wil identifiseer (van Loggerenberg, 1971, p. 9; Nel, 1976, p. 14; du Toit, 1977, p. 5). Die mate van verwyfdheid wat by sommige Suid-Afrikaanse jongelinge aangetref word, word deur sosioloë en opvoedkundiges in verband gebring met die gebrek aan 'n manlike identifikasiefiguur in die kinder- en puberteitsjare (van Loggerenberg, 1971, p. 9).

Om enigsins hierdie posisie te beredder, is dit dringend noodsaaklik om die onderwys vir die man aantrekliker te maak. "Die noodsaaklikheid om die onderwys aantrekliker te maak, veral vir mans, het tot almal deurgedring. Ek voorsien baie aantrekliker diensvoorwaardes en besoldiging vir onderwysers" (Van Niekerk, 1976, p. 3). Van Niekerk wys verder daarop dat die tekort aan onderwysers 'n harde werklikheid is, maar dat daar geen kitsoplossing vir die tekort aan onder=wysers, veral mans, bestaan nie (Van Niekerk, 1976, p. 3).

## 3.3 DIE HUIDIGE POSISIE VAN DIE MAN IN DIE ONDERWYS

Dit is hierbo aangetoon dat die man vinnig besig is om sy plek in die onderwys te verloor, of reeds verloor het, soos in die geval van die primêre onderwys waar daar in 1977 in Transvaal slegs 20,7% manspersoneel oor was in vergelyking met die 47,2% van 1945. In sekondêre onderwys in Transvaal is die posisie ewe haglik as die 45% manspersoneel van 1977 vergelyk word met die 66,8% van 1945 (du Toit, 1977, p. 1-3).

Die aanvraag na onderwysers het die afgelope drie dekades 'n abnormale styging ge=toon. Tesame met die fenomenale tegnologiese en wetenskaplike vooruitgang en die snelle verstedeliking, kan dit bestempel word as die mees betekenisvolle prominente verskynsel sedert die Tweede Wêreldoorlog (Claassen, 1976, p. 2).

In 1968 het die Transvaalse Onderwysersvereniging 'n openbare veldtog van stapel

gestuur om die nood in die onderwys, ook wat die skaarste aan mans betref, aan die ouergemeenskap en onderwyskorps te stel. Soos gewoonlik het dit jare ge=duur voordat dit eers in 1975 breekpunt bereik het. Vanuit alle oorde het die aandrang gekom dat iets drasties gedoen moet word om die onderwyssituasie te be=redder, en het dit aanleiding gegee tot die aanstelling van 'n nuwe Minister van Onderwys in die persoon van dr. Koornhof.

Sedertdien het die veldtog klaarblyklik sy stoom verloor vanweë die ekonomiese resessie. Sedert 1976, gedurende die ekonomiese insinking, is daar 'n redelike terugvloei van onderwysers na die onderwys. So het daar tot Julie 1976 meer onderwysers teruggekeer na die beroep as wat daar in die hele 1975 teruggekom het. Hierdie verskynsel moet egter gesien word as 'n korttermyn reaksie wat volg op die verwagting wat gewek is deur die onderwysowerhede en die swak ekonomiese tye wat tans heers (Claassen, 1976, p. 15; du Toit, 1977, p. 2).

### 3.3.1 Die redes vir die tekort van die man in die onderwys

Die aantal leerlinge in sekondêre skole het in die Republiek van Suid-Afrika vanaf 1920 tot 1970 met nagenoeg 800% gestyg. Aanvanklik was hierdie toename baie stadig, maar sedert 1950 het dit met rasse skrede versnel. In Transvaal alleen het die leerlingtal aan sekondêre skole sedert 1937 tot vandag met oor die 700% gestyg (Claassen, 1976, p. 7). Gedurende hierdie jare het ander lande ook tekorte aan onderwysers ondervind en veral ontwikkelende lande is swaar hierdeur getref. Die noodwendige gevolge van so 'n situasie is dat die snelle ontwikkeling van die ekonomie en ook ander terreine, die onderwys se noodsaaklike mannekrag wegdreineer (Nel, 1976, p. 7; du Toit, 1977, p. 2). Die grootste tekorte het voorgekom op sekondêre vlak, gewoonlik ook op die gebied waar beson=dere vakke ook buite die onderwys in aanvraag was (Claassen, 1976, p. 10; Nel, 1976, p. 13).

'n Verdere faktor wat tot die tekorte aan onderwysers bydra, is die feit dat onderwys nog altyd 'n swak geldelike kompeteerder was en nog is. Die logiese gevolg is 'n soeke na beter weivelde. 'n Treffende voorbeeld word gevind in die optrede van die huidige Direkteur van Onderwys in Transvaal wat in die jare toe hy begin skoolhou het van die Vrystaat na Transvaal verhuis het. "Die salarisse was destyds aansienlik hoër in Transvaal en ek het aansoek gedoen Transvaal toe" (Jooste, 1976, p. 5). Daar was ander oorwegings ook vir hierdie optrede - trouplanne. Vandag tree jong onderwysers nog identies op, met dié verskil, hulle gaan na die privaatsektor, omdat die salarisse van onderwysers in alle

provinsies dieselfde is. En wie kan hierdie jongmanne verkwalik as hulle die goeie voorbeeld van die Direkteur van Onderwys volg?

Navorsing in dié verband in die Republiek van Suid-Afrika deur Wolmarans (1976, p. 6), toon dat gegradueerde mans wat die onderwys verlaat het oor die algemeen jonger is as dié wat agterbly. Dit blyk verder dat die persone wat die onderwys verlaat het om ander beroepe te aanvaar, se salaris 'n groter persentasie styging getoon het as die salarisse van diegene wat in die onderwys gebly het (Wolmarans, 1976, p. 12).

Die feit dat meer onderwysers wat aan sekondêre skole verbonde is, bedank, kan moontlik aan hulle beter akademiese en professionele kwalifikasies toegeskryf word, want dit bied hulle groter moontlikhede om na ander werkkringe uit te wyk (Boshoff, 1965, p. 6). Boshoff het verder bevind dat die enkele belangrikste rede waarom onderwysers bedank, gekoppel kan word aan die salaris wat hulle kry (1965, p. 118). Verder noem die onderwysers wat bedank ook die volgende byko= mende beweegredes: die geringe bevorderingsmoontlikhede, die beperkte geleent= hede vir eie inisiatief en bevordering volgens senioriteit eerder as op meriete (Boshoff, 1965, p. 123). Met 'n beter salaris en diensvoorwaardes kan baie van hierdie onderwysers maklik vir die onderwys herwin word, want hulle het geen grief teen die onderwysdepartement nie en is ook nie gekant teenoor die onderwys as beroep nie (Boshoff, 1965, p. 130-145). Die terugwen van onderwysers moet 'n prioriteit wees, want "Die feit dat meeste van die onderwysers wat bedank, kenners van hulle vak(ke) en getroue werkers is, asook inisiatief besit, is verontrustend, gesien in die lig van die gehalte onderwyser wat die diens ver= laat" (Boshoff, 1965, p. 174).

'n Verdere groot "verlies" aan onderwysers word gevind in die geringe aantal mansrekrute wat hulle weg oopsien om tot die onderwysberoep toe te tree.

Dr. Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, spel dit baie duidelik uit as hy aanvoer waarom so min mans tot die onderwys toetree. Hy noem die voorbeeld van drie broers van wie die een 'n geneesheer, die ander 'n ingenieur en die derde 'n onderwyser wil word. As al drie tot die diens van die Staat toetree, sal die posisie soos volg wees: "Die een wat geneesheer word, ses jaar studeer plus een jaar, sal 'n salaris van R7 740 per jaar in die Staatsdiens van Suid-Afrika verdien. Die seun wat 'n ingenieur gaan word, vier jaar studie plus drie jaar prakties in die Staatsdiens, se salaris sal R7 740 per jaar wees, maar die derde seun wat 'n onderwyser geword het, vier jaar plus drie jaar, se salaris sal

R4 110 per jaar wees, meer as R3 000 minder as die twee ander seuns" (Koornhof, 1976, p. 14). Koornhof wys verder daarop dat as jy 'n tegnikus of messelaar word, verdien jy na drie jaar R4 560 per jaar.

In 'n ondersoek na die werwing van leerlinge aan sekondêre skole het Venter (1968, p. 30) vasgestel dat die meerderheid skoolhoofde die mening toegedaan is dat die studie van beroepe op skool die leerlinge sal beïnvloed om nie die onderwys as loopbaan te kies nie. 'n Studie van beroepe sal die leerlinge in staat stel om die onderwysberoep met ander beroepe te vergelyk ten opsigte van werksomstandig=hede, toetredingsvereistes, salaris en die voor- en nadele in die algemeen te vergelyk. "Aangesien dit 'n voldonge feit is dat daar beroepe is wat dieselfde aantal jare of minder opleiding as vir die onderwysberoep vereis en beter besol=diging en vooruitgang in die algemeen bied, kan verwag word dat die studie van beroepe die leerlinge sal beïnvloed om nie die onderwysberoep as loopbaan te kies nie" (Venter, 1968, p. 30). Venter wys voorts daarop dat die meerderheid onderwyspersoneel, d.i. hoofde, onderhoofde en assistente, nie die onderwys by hulle leerlinge sal aanbeveel nie as gevolg van die tekortkominge betreffende bevorderingsmoontlikhede, salaris en status van die onderwyser (Venter, 1968, p. 39).

In die gekonsolideerde verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, oor die onderwyser (1968, p. 45-53) word die volgende redes, in volgorde van belang=rikheid, genoem waarom seuns nie die onderwys as loopbaan kies nie:

1. Die onderwysers se stryd in die pers om hoër salarisse.
2. Te groot klasse om te behartig.
3. Te veel buitemuurse aktiwiteite.
4. Probleme met die handhawing van dissipline.
5. Die publiek se houding teenoor die onderwys.
6. Burgerregte van die onderwyser.
7. Eise wat die gemeenskap aan die onderwys stel.
8. Groot hoeveelhede nasienwerk.
9. Koshuisdienste.

In dieselfde verslag (1968, p. 52 en 72) word, in volgorde van belangrikheid, as redes genoem waarom onderwysers uit die diens bedank:

1. Onvoldoende salaris.
2. Onbevredigende bevorderingsmoontlikhede.
3. Weinig geleentheid vir eie inisiatief.
4. Bevordering geskied op diensjare en nie op meriete nie.
5. Geen krediet vir die harde werker nie.
6. Verlofdae word nie uitbetaal by bedanking nie.
7. Té groot klasse.
8. Die rol wat skoolkomitees en beheerrade speel.
9. Die rol wat kerkverband speel.
10. Té veel nasienwerk.
11. Onderwysers word beoordeel volgens kwalifikasies en nie volgens be= kwaamheid nie.

Omdat die Republiek van Suid-Afrika, en veral Transvaal, in vergelyking met ander ontwikkelende lande, voor 'n tekort aan mannekrag staan, sal die onderwyspersoneel, veral mans, nog vir 'n geruime tyd 'n tekort toon, tensy die onderwys meer kompete= rend gemaak word (Claassen, 1976, p. 12).

### 3.3.2 Stand van kennis ten opsigte van onderwyspersoneel in Transvaal

Sedert die depressiejare worstel Transvaal al met probleme van 'n tekort aan onder= wyspersoneel, veral in sekondêre skole en later jare ook in die primêre skole, veral wat mans aanbetref. Dit was oënskynlik slegs gedurende die depressiejare dat die onderwyspersoneelaanbod die -aanvraag oorskry het. Die huidige swak ekonomiese toestande mag dus in die guns van die onderwys wees en dit wil voorkom asof die aantreklikheid en gesogtheid van die onderwysberoep gepaard gaan met moeilike om= standighede en moeilike ekonomiese tye (Claassen, 1976, p. 13; Kotze, 1973, p. 10; du Toit, 1977, p. 2).

Die feit dat die probleem van onvoldoende goedopgeleide onderwysers vandag nog - na byna vyf dekades - bestaan, dui op die permanente aard daarvan. Dit wil dus voorkom of die probleem in die verlede nog altyd onderskat is en nog steeds onderskat word, want selfs in 1977 bestaan dit nog, en is dit tans - veral wat die manspersoneel betref - sorgwekkend, soos blyk uit die volgende (du Toit, 1977, p. 3):

| JAAR | PERSENTASIE MANSPERSONEEL IN TRANSVAAL | |
|---|---|---|
| | SEKONDÊRE SKOOL | PRIMÊRE SKOOL |
| 1945 | 66,8 | 47,2 |
| 1955 | 64,9 | 33,2 |
| 1965 | 57,0 | 29,8 |
| 1975 | 47,0 | 22,2 |
| 1976 | 45,0 | 20,7 |
| 1977 | 45,0 | 21,3 |

In 1975 is die tekort aan onderwysers en die vervrouliking van die onderwys weer baie sterk deur die georganiseerde beroep, die ouergemeenskap, kultuur- en kerklike organisasies op die voorgrond gebring en het genoemde probleem die erkenning ge= kry wat dit lankal verdien het (Claassen, 1976, p. 13). Volgens Mondstuk (anon., 1975, p. 1) was daar in 1975 " ... honderde leerlinge in bepaalde klasgroepe sonder onderwysers" en kan "daar in die onmiddellike toekoms niks aan gedoen word nie". "Dit is nie al nie. Ons sit op die oomblik met 'n tekort aan onderwysers in Transvaal alleen van oor die 2 000" (Koornhof, 1976, p. 14).

Met inagneming daarvan dat die onderwysberoep die moederberoep van alle beroepe is, dui voorgaande daarop dat die ontwikkeling op alle terreine en veral die eko= nomiese bedrywighede van die land, die kwaliteit en kwantiteit van alle dienste vanweë die tekort aan onderwysers gaan lei (Claassen, 1976, p. 14; Koornhof, 1976, p. 1). Die grootskaalse ontwikkeling na die Tweede Wêreldoorlog, op bykans alle terreine,het 'n komplekse samelewing met talle nuwe beroepe laat ontstaan (Prel= ler, 1969, p. 299). Weens die nie-kompeterende aard van die onderwysberoep het daar gedurende die laat veertigerjare 'n baie sterk beweging weg van die onderwys ont= staan. So byvoorbeeld het daar in 1936 20% Engelssprekende en 32% Afrikaans= sprekende matrikulante die onderwys as loopbaan gekies teenoor die 11% en 18% respektiewelik in 1974 (Claassen, 1976, p. 14). Volgens die geskatte persenta= sie in hierdie ondersoek sal daar in 1977 6% Engelssprekende en 14% ($\pm$ 1,7%) Afrikaanssprekende Transvaalse matriekseuns waarskynlik die onderwys as loopbaan kies (kyk bylae 6, vraag 7.1).

Verdere ontmoedigende statistiek is dat slegs 15,3% van die eerstejaar-onderwys= studente aan die drie Afrikaanse universiteite in Transvaal in 1976 een of meer simbool hoër as 'n C-simbool behaal het in die matriekeksamen. Dit beteken dat 84,7% van hierdie studente nie hoër as 'n C-simbool gehad het nie (Claassen, 1976, p. 14; Anon., 1975). Die beste leerlinge wat die onderwys lewer, bly dus nie

behoue vir die onderwys nie, maar word gretig deur ander beroepe opgeneem waar hulle ŉ beter salaris ontvang (kyk ook par. 5.4.2 en 5.4.3 verder aan).

'n Ondersoek deur Spies (1965, p. 96) werp miskien meer lig op dië aangeleentheid as hy sê: " ... dat die keuring van voornemende onderwysstudente uiters onsiste= maties en onwetenskaplik geskied". Hy wys verder daarop dat belangrike aspekte waarop gelet moet word by die keuring soos "Liggaamlike geskiktheid, persoonlik= heidseienskappe, intellektuele geskiktheid, belangstelling in en aanleg vir die onderwysberoep, belangstelling in sport en kulturele aangeleenthede, die persoon= like onderhoud en faktore wat tydens keuring beoordeel moet word om uiteindelik sukses in die onderwys te verseker, ..." deur baie keuringsgroepe geïgnoreer word (Spies, 1965, p. 96).

## 3.4 DIE VERSTEURING IN DIE KWANTITATIEWE VERHOUDING VAN MANS TOT DAMES IN DIE ONDERWYSBEROEP

Die versteuring van die kwantitatiewe verhouding van mans tot dames, skep lastige probleme in die onderwys, want die skool moet die huis aanvul. Die grootskaalse vertegnitisering en outomatisasie van die huidige tydsgewrig het meegebring dat die tegnologiese vooruitgang, die ontwikkeling en uitbouing van die mens se geestes= goedere, sy kulturele en emosionele peil verbygesteek het. Die gevolg is dat die mens so baie weet maar homself ken hy nie. Hy weet nie meer wat hy is nie. Ten spyte van sy omvattende kennis het die moderne mens vir homself en vir die soekende jeug ŉ rustelose raaisel geword (Nel, 1969, p. 45; Preller, 1960, p. 7). Die noodsituasie waarin die kind-mens verkeer, is baie duidelik herkenbaar in bogenoemde. Waar gebrek aan vaderlike opvoeding tuis ontbreek, moet dit juis by die skool aangevul word, maar ook hier is helaas, ŉ gebrek aan ŉ plaasvervangende identifikasiefiguur wat vir die seun as gesagsfiguur kan optree. Net so moet die onderwyser ook die manlike vir die dogter verbeeld, want ook sy vra na die manlike identifikasiefiguur (Steyn, 1975, p. 5-6).

"Die tekort aan mans in die onderwysprofessie word ook ŉ steeds ernstiger probleem. Dit word erken dat sommige dames ŉ groep seuns net so goed as sommige mans kan hanteer ... maar dit wat hulle nie vir die seun kan doen nie, is nie minder be= langrik nie, soos William Taylor dit stel ... they cannot teach their boys to be men by being men" (du Toit, 1970, p. 178).

Lande soos die Verenigde State van Amerika en die Skandinawiese lande lei al meer as dertig jaar mans op vir kleuteronderwys. Hulle het tot hierdie stap oorgegaan nadat opvoedkundiges na die Tweede Wêreldoorlog oortuig was dat die afwesigheid

van mans gedurende die oorlog baie te doen gehad het met die maatskaplike en so=siale probleme van jeugmisdaad. Dit is belangrik dat die kind gedurende die jare van kind-wees met genoeg manspersoneel in aanraking moet kom (du Toit, 1977, p. 5).

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die toetrede van onderwyspersoneel tot die onderwysberoep oorsigtelik in oënskou geneem. Daar is gewys op die toetrede van dames tot die beroep en die posisie van die man in die onderwys. Waarskynlike redes vir 'n tekort aan manspersoneel is verstrek. Voorts is die stand van kennis ten opsigte van die onderwyspersoneel in Transvaal saamgevat en is daar gewys op die versteu=ring in die getalleverhouding van mans tot dames in die onderwysberoep.

Vervolgens word die aandag toegespits op die metode wat in hierdie ondersoek ge=volg gaan word om te probeer vasstel watter faktore Transvaalse matriekseuns beïnvloed by die keuse van die onderwys as loopbaan.